Downloaded from Stanmorephysics.com

# KZN-DEPARTEMENT. VAN ONDERWYS

# GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# VRAESTEL 3- JUNIE- EKSAMENS

**GRAAD**: 11

**EKSAMINATRISE**: S. REDDY

**PUNTE**: 100

**MODERATRISE**: P. RAMJEE

**TYDSUUR**: 2½ uur

**DATUM**: 9/5/2019

Hierdie vraestel bestaan uit ----5---bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: Opstel [50]

   AFDELING B: Langer transaksionele teks. [30]

   AFDELING C: Korter teks – naslaan, Informatiewe en transaksionele tekste. [20]

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin elke afdeling op n nuwe bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld n kopkaart of n vloei diagram of sleutelwoorde ,ensovoorts. Doen die beplanning voordat jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 80 MINUTE

   AFDELING B : 40 MINUTE

   AFDELING C: 30 MINUTE

8. Nommer elke teks soos dit in die vraestel genommer is
9. Skryf die titel / opskrif van die skryfstuk .
10. Dui die getal woorde aan die einde van jou stuk aan.
11. Skryf netjies en leesbaar.

......./ bl. 2

## AFDELING A : OPSTEL

Vraag EEN

Kies EEN onderwerp en skryf 200-250 woorde daaroor

1.1. 'n Oomblik/insident wat my lewe verander het... [50]

OF

1.2. Een Wintersdag... [50]

OF

1.3. Die jeug van vandag is slawe aan sosiale media. Stem jy saam?

Lug jou mening in 'n goeie opstel uit. [50]

OF

1.4. Daardie dag was ek so verleë(embarrassed)... [50]

OF

1.5. Alles wat ek nou is , is te danke aan hom/haar. [50]


OF



Blaai om bl 3....1.6. kies EEN...

1.6 <u>Kies **EEN** van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.Gee jou skryfstuk 'n titel.Jou opstel moet direk by die kern van die prent aansluit.</u>

1.6.1




OF

1.6.2



OF

1.6.3



Blaai om bl.4... Afdeling B...

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG TWEE

Kies EEN vraag en skryf 120-150 woorde oor die onderwerp. Skryf die nommer en die titel van die onderwerp.

### 2.1. HULDEBLYK

Jou gunsteling oom/tante het gesterf. Hy/Sy se dood was 'n groot verlies(loss) aan almal. Jy is gevra om 'n huldeblyk by sy/haar begrafnis te lewer.

[30]

OF

### 2.2. DIALOOG

Jy maak verkeerde besluite in jou lewe. Jou ma is bekommerd oor jou verkeerde besluite. Skryf die Dialoog tussen jy en jou ma neer.

[30]

OF

### 2.3. RESTAURANT RESENSIE

Onlangs het jy oor 'n fantastiese, nuwe restaurant gelees. Jou ouers het jy daar vir jou verjaarsdag geneem. Skryf nou 'n resensie oor die restaurant.

[30]

OF

### 2.4. VRIENDESKAPLIKE BRIEF

Jou beste vriend is in graad 11. Hy/sy het 'n nooi/kêrel wat 'n slegte invloed op hom/haar het . Skryf 'n brief waarin jy vir hom/haar goeie raad gee.

[30]



Blaai om bl.5... Afdeling C...

## AFDELING C : KORTER TRANSAKSIONELE TEKTSE

### VRAAG DRIE

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

### 3.1. WENKE

Jy is uiteindelik in graad 11. Skryf tien wenke om sukses in graad 11 te behaal.

[20]

OF

### 3.2. DAGBOEKINSKRYWING

Jou dierbare maat het jou geheim verklap(revealed) en nou is jy smoorkwaad.

Maak TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS

(1). Die dag toe jou geheim verklap is. Sê hoe jy gevoel het.

(2). Die dag na (after) die insident. Sê wat jy gedoen het en hoe jy nou voel.

L.W hê klêm oor jou gevoelens/emosies.

[20]

OF

### 3.3. ADVERTENSIE

Ontwerp 'n advertensie (A4- grotte) om tieners oor die gevaarlikheid van DWELMS bewus te maak.

[20]



Alles van die beste

**Punte: 100**

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MRS S R PANDAY